

Die drie bokke

Eendag was daar drie boggies — ‘n klein boggie, ‘n middelslagbok en ‘n groot bok. Hulle het bo-op ‘n hoë heuwel gewoon. Die drie boggies het daarvan gehou om gras te eet, maar op die heuwel waar hulle gewoon het, was daar baie min groen gras oor. Die gras was kort en bruin.

Op ‘n dag kyk die kleinste boggie na die heuwel aan die ander kant. Daardie heuwel is met lang, groen gras bedek. “Kyk, die gras aan die ander kant is lank en groen. As ons soontoe gaan, sal ons nie meer honger wees nie. “Kom ons gaan!”

Om by die heuwel aan die ander kant te kom, moet hulle oor ‘n brug gaan, maar daar is ‘n probleem. Daar is ‘n skelm, ‘n kwajong, wat onder die brug woon. Hulle noem hom ‘n trol. Hierdie groot, nare, ou trol wil die boggies eet.

Die klein boggie gaan eerste oor die brug, trip-trap, trip-trap. Die trol sê in sy harde, growwe stem: “Wie loop so trip-trap oor my brug?” Die klein boggie sê: “Dis ek, die klein boggie.” Die trol antwoord: “Ek kom jou opeet.” Die klein boggie sê: “Moenie my eet nie, ek is te klein! Wag vir die volgende boggie — sy is baie groter.” Toe sê die dom, ou trol:

“Nou toe, weg is jy; ek sal vir die volgende een wag. Toe kom die middelslagbokkie oor die brug geloop, trip-trap, trip-trap. Die groot nare, ou trol sê: “Wie loop so trip-trap oor my brug?” “Dis ek, die middelslagbokkie.” Die trol antwoord, “Ek kom jou opeet!” Die middelslagbokkie sê: “Moenie my eet nie, wag vir die groot bok — hy kom na my.” “Gmmf!” sê die groot, nare trol. “Nou toe, weg is jy; ek sal vir die volgende een wag.

Toe kom die groot bok oor die brug geloop, trip-trap, trip-trap. Die groot nare, ou trol sê: “Wie loop so trip-trap oor my brug?” Die groot bok antwoord in sy harde stem: “Dis ek, die GROOT BOK!” “Ek kom jou opeet, sê die groot, nare trol.”

“Nou toe, kom, ek wag vir jou!” sê die groot bok. En toe sê hy, “Vir my kan jy nie eet nie, dit is mos ‘n leun. Met my twee reuse horings, sal ek vir jou leer vlieg!”

Toe gooi die groot bok die trol in die lug op sodat hy met ‘n KAPLAKS in die water beland! En dit was die einde van die groot, nare, ou trol. Die drie bokkies het die lang groen gras geëet en lekker vet geword en hulle het lank en gelukkig saam gelewe.

Fluit-fluit, my storie is uit!

Vraagstelling: Antwoord in volsinne.

1. Hoeveel bakkies het ons in die storie van gelees?


Ons het van drie bakkies gelees.

2. Wie het onder die brug gebly?

'n Groot, nare, ou trol het onder die brug gebly.

3. As ek twee bakkies het, hoeveel bakkies moet ek nog by sit om altesaam drie bakkies te hê?

Ek het twee bakkies, ek moet nog een bakkie by sit, dan is daar altesaam drie bakkies.



4. Wie het eerste oor die brug geloop?

Die klein bakkie het eerste oor die brug gestap.

5. Hoekom het die trol die klein bakkie laat oorstap?

Die klein bakkie het gesê hy is te klein. Hy moet wag vir die volgende bok. Sy is groter.

6. Wie het laaste oor die brug gestap?

Die groot bok het laaste oorgestap.

7. Wat het met die trol gebeur?

Die grootbok het die trol in die water ingestamp en dit was die einde van die groot, nare ou trol.

8. Wat is die teenoorgestelde van:

- min - *baie*
- kort - *lank*
- kleinste - *grootste*
- eerste - *laaste*
- growwe - *gladde*
- leun - *waarheid*
- honger - *versadig*
- gelukkig - *hartseer / ongelukkig*

9. Gaan haal iets in die huis wat die volgende kleure is:

- bruin
- groen

Woordeskat

Mamma/ Pappa lees die woordjie en die leerder moet 'n prentjie teken om die woord se betekenis uit te beeld. Hy moet die woord ook in 'n sinnetjie kan gebruik. Mamma/ Pappa skryf dan die woordjie onder aan die leerder se prentjie. Daar waar die leerder nie die woordjie verstaan nie verleen Mamma/ Pappa dan die nodige ondersteuning om die woord in 'n sinnetjie te gebruik.

gras	bokkie	middelslag	bo
brug	twee	grootste	heuwel
onder	drie	kleinste	gelukkig
bok	trol (monster)	bo-op	kort (lengte)